



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Psalm 122

Daar is twee maniere om na die kerk (Sion) te kyk: Die kerk is rotsvas, maar ook broos. Ons kan ons, in die woede van vers 3-5, saam met die psalmis verlustig in die vastigheid wat daar in die kerk is - dat niks en niemand dit kan laat ondergaan nie.

Psalm 122 is geskryf toe die volk van God in ballingskap was. Die geboue van Jerusalem was afgebreek. Tog bid hulle steeds hierdie gebed. Die mure van elke kerkgebou in die land kan plat gestoot word sonder dat die kerk ophou bestaan. Waar gelowiges ook al bymekaarkom, daar is onvernietigbare kerk!

Wanneer ons Psalm 122 oor die kerk bid, doen ons drie dinge: Ons spreek ons vreugde uit oor ons geleentheid om deel van die te wees (vers 1-2),...

Die gebed van Psalm 122

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte.

..tweedens verwonder ons ons oor die vastigheid wat God vir ons in die kerk gee (vers 3-5) en laastens bid ons dat dit goed sal gaan met die kerk (vers 6-9).

(Bybel 24/7)



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Gebede

Die gebed van Psalm 122

Psalm 122 praat oor 'n reis saam met God na Jerusalem. Is daar 'n belangrike geloofsgebeurtenis of -persoon wat jou reis met God aangedryf het?

Al is ons nie in Jerusalem nie, verlang ons nog steeds na vrede met God, in ons huise en in ons wêreld. Waar is die vrede tans die nodigste in die wêreld?

Hoe lyk dit om 'in vrede' met jou gesin te wees?

Watter eienskappe word genoem van 'n familie wat saam in vrede leef?

Hoe kan jy "kerk" wees waar jy is?



Quellerina Gemeente